BOESMANSRIVIERMOND BELASTINGBETALERSORGANISASIE
("BRRAG")

GRONDWET

1. **KONSTITUERING**

1.1. Daar word 'n Organisasie gekonstitueer wat bekend staan as die Boesmansriviermond Belastingbetalersorganisasie ("BRRAG").

1.2. Die *domicilium* van die Organisasie sal by sodanige fisiese adres in Boesmansriviermond wees as wat die uitvoerende komitee mag bepaal.

2. **ALGEMEEN**

2.1. **DEFINISIES**

In hierdie Grondwet, tensy dit uit die samehang anders blyk, sal die volgende definisies van toepassing wees:-

2.1.1. "**ampsdraers**" beteken ampsdraers verkies of aangestel ooreenkomstig hierdie Grondwet en het "*komiteelede*" 'n ooreenstemmende betekenis;

2.1.2. "**basiese munisipale diens**" beteken 'n munisipale diens wat noodsaaklik is om 'n aanvaarbare en redelike lewenskwaliteit te verseker, en, indien dit nie voorsien word nie, openbare gesondheid of openbare veiligheid of die omgewing sal bedreig;

2.1.3. "**Boesmansriviermond**" beteken Boesmansriviermond Ou Dorp, Riversbend, Boesmans Estate, San Estates, Bushman's Creek en Coral Gardens en die omgewing en sodanige ander gebiede van optrede en fokus wat deur die uitvoerende komitee van tyd tot tyd goedgekeur word, in breë trekke, 'n gedeelte van die area wat bekend staan as Wyk 3 van die Ndlambe Munisipaliteit;

2.1.4. "**die Organisasie**" beteken Boesmansriviermond Belasting-betalersorganisasie ("BRRAG");

2.1.5. "**finansiële state**" beteken 'n balansstaat en 'n inkomste- en uitgawe staat voorberei in ooreenstemming met algemeen aanvaarbare boekhouding;

2.1.6. "**finansiële jaar**" beteken die tydperk van 1 Desember in enige kalenderjaar tot 30 November in die volgende jaar;

2.1.7. "**komiteelid**" beteken 'n lid van die uitvoerende komitee of 'n lid van 'n subkomitee, welke ook al betrekking mag hê;

2.1.8. "**lid**" beteken 'n lid soos gedefinieer in klousule 5 van hierdie Grondwet en het lidmaatskap 'n ooreenstemmende betekenis;

2.1.9. "**onroerende eiendom**" beteken onroerende eiendom geleë binne Boesmansriviermond;

2.1.10. "**owerheid**" beteken enige plaaslike-, distriks-, provinsiale- of nasionale regeringsowerheid wat met magte of pligte beklee

is ten opsigte van enige iets wat gedoen moet word of wat verhoed moet word in Boesmansriviermond;

2.1.11. "**rekeningkundige beampte**" beteken enige persoon wat as sulks kwalifiseer in terme van die Wet op Beslote Korporasies, 69 van 1984 (soos gewysig);

2.1.12. "**uitvoerende komitee**" beteken die uitvoerende komitee deur lede van die Organisasie verkies soos bepaal in hierdie Grondwet;

2.2. Woorde in die enkelvoud sluit in woorde in die meerderheid en omgekeerd en woorde wat na enige geslag verwys, verwys na alle geslagte tensy die konteks duidelik anders aandui.

3. OOGMERKE EN MAGTE

Die oogmerke en magte van die organisasie is om:-

3.1. om te sien na die belange van lede ten aansien van die aktiwiteite van die owerhede ten opsigte van onroerende eiendom wat deur lede besit of bewoon word en ten opsigte van dienslewering en nakoming van verpligtinge van die owerhede en daardeur te poog om tot voordeel van lede die wetgewende, administratiewe en algemene aktiwiteite, insluitende dienslewering, van die owerhede te bevorder;

3.2. sodanige dienste aan lede van die Organisasie as wat die uitvoerende komitee mag goedkeur te lewer en om dit te bereik,

om ooreenkomste aan te gaan en personeellede in diens te neem ten einde die oogmerke van die Organisasie te bevorder;

3.3. met enige regmatige optrede te verseker dat behoorlik basiese munisipale dienste gelewer word aan lede en Boesmans-riviermond;

3.4. te verseker dat die plaaslike owerheid in wie se gebied die Organisasie val, optree in ooreenstemming en voldoening met die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 32 van 2000 en enige ander Wet wat op sodanige plaaslike regering van toepassing is;

3.5. omgewingsaspekte te identifiseer wat nadelig vir Boesmansrivier-mond, die strande en die Boesmansrivier mag wees en om stappe te neem om enige negatiewe impak op die Boesmansrivier, die strande en die omgewing te voorkom en/of te verminder soos wat die uitvoerende komitee mag bepaal;

3.6. die natuurlike omgewing van die Boesmansrivier en omstreke sowel as die strande en publieke areas te bewaar en te beskerm teen degradasie en verwaarlosing;

3.7. enige stappe te neem om die identiteit en karaktertrekke van Boesmansriviermond en omgewing te behou en te verbeter en om die belange en welvaart van Boesmansriviermond en lede van die Organisasie te bevorder;

3.8. fondse in te samel deur middel van lidmaatskapsfooie of enige ander regmatige wyse ten einde effek te gee aan die doelwitte van die Organisasie;

3.9. saam te werk met ander belastingbetalersverenigings of soortgelyke organisasies ten einde die doelwitte van die Organisasie te bevorder;

3.10. enige omgewings degradasie van die Boesmansrivier en omgewing aan te spreek, insluitend om te verhoed dat daar besoedeling van die Boesmansrivier en die omgewing plaasvind.

4. **INLYWING**

4.1. Die Organisasie sal in staat wees om in eie naam te dagvaar en gedagvaar te word en om enige eiendom of belang daarin, hetsy roerend of onroerend aan te koop of aan te skaf en te hou of te vervreem en om 'n bankrekening in sy eie naam oop te maak.

4.2. Die Organisasie sal voortbestaan nieteenstaande enige verandering in die samestelling van die lidmaatskap of ampsdraers.

4.3. Die Organisasie sal 'n nie-winsgewende organisasie wees en alle fondse sal aangewend word uitsluitlik ter bevordering van die oogmerke van die Organisasie. Alle surplus inkomste sal gehou word deur die Organisasie en aangewend word teen toekomstige uitgawes en geen lid of ampsdraer sal enige regte hê in of tot die eiendom of ander bates van die Organisasie nie, as gevolg van

die feit dat sodanige persoon 'n lid of ampsdraer van die Organisasie is nie.

4.4. Die Organisasie sal 'n nie-politiese organisasie wees en sal nie met enige politieke party groepeer nie.

5. **LIDMAATSKAP**

5.1. Alle natuurlike en regspersone wat onroerende eiendom besit, alle permanente inwoners wat onroerende eiendom bewoon binne Boesmansriviermond en alle besoekers soos in paragraaf 5.3 uiteengesit, sal benoembaar wees as lede van die Organisasie.

5.2. In die geval waar die eienaar van onroerende eiendom nie 'n natuurlike persoon is nie, mag sodanige eienaar 'n natuurlike persoon benoem om lid van die Organisasie te word in die plek van die eienaar

5.3. Besoekers en ander persone wat buite Boesmansriviermond woonagtig is wat as gevolg van hul teenwoordigheid in Boesmansriviermond, gebruik maak van dienste en fasiliteite verskaf deur ’n owerheid, mag aansoek doen om lidmaatskap van die Organisasie.

5.4. 'n Aansoek om lidmaatskap van die Organisasie sal oorweeg word deur die uitvoerende komitee wie se besluit aangaande die feit of 'n applikant kwalifiseer vir lidmaatskap al dan nie, finaal en bindend sal wees.

5.5. Die aanspreeklikheid van enige lid sal beperk wees tot enige uitstaande lidmaatskapsfooie en geen lid sal enige aanspreeklikheid opdoen vir betaling van enige van die skulde van die Organisasie nie.

5 **LIDMAATSKAPSGELDE**

5.3 lidmaatskapsgelde sal jaarliks vooruit betaalbaar wees binne 60 (sestig) dae vanaf 31 Oktober in enige gegewe jaar.

5.4 Die bedrag van die jaarlikse lidmaatskapsfooie sal bepaal word deur die uitvoerende komitee.

6 **BEëINDIGING VAN LIDMAATSKAP**

Lidmaatskap van die Organisasie sal beëindig word in enige van die volgende gevalle:-

6.3 deur bedanking;

6.4 deur 'n versuim van die lid om lidmaatskapsfooie of enige ander bedrag aan die Organisasie verskuldig binne 60 (sestig) dae vanaf die datum waarop dit verskuldig raak, te betaal;

6.5 by die dood van 'n lid;

6.6 deur die sekwestrasie of likwidasie van die boedel van enige persoon of regspersoon;

6.7 deurdat die lid ophou om onroerende eiendom te besit of permanent woonagtig te wees in Boesmansriviermond.

7 **UITVOERENDE KOMITEE EN AMPSDRAERS VAN DIE ORGANISASIE**

7.3 Die uitvoerende komitee van die Organisasie sal bestaan uit opbetaalde lede van die Organisasie wat by 'n algemene jaarvergadering of sodanige ander vergadering belê vir die verkiesing van die uitvoerende komitee, verkies word. Verkiesing geskied deur 'n opsteek van hande.

7.4 Die uitvoerende komitee sal bestaan uit 'n maksimum van 12 (twaalf) lede.

7.5 By die eerste vergadering van die uitvoerende komitee na 'n verkiesing sal die uitvoerende komitee die volgende ampsdraers van uit hul geledere aanstel:-

7.5.1 'n voorsitter;

7.5.2 'n ondervoorsitter;

7.5.3 'n tesourier; en

7.5.4 'n sekretaris/sekretaresse

en die uitvoerende komitee mag spesifieke portefeuljes aan lede van die uitvoerende komitee toeken om te bestuur.

7.6 'n Kworum by enige vergadering van die uitvoerende komitee sal 4 (vier) lede wees. Indien daar by 'n vergadering nie 'n kworum is nie, sal die vergadering verdaag word vir sodanige tyd en na sodanige plek as wat die uitvoerende komiteelede teenwoordig mag bepaal.

By die uitgestelde vergadering sal daardie uitvoerende komiteelede teenwoordig, 'n kworum wees.

7.7 Enige lid van die uitvoerende komitee sal geregtig wees om 'n alternatiewe lid aan te wys om vergaderings in sy of haar plek by te woon.

7.8 In geval daar 'n vakature op die uitvoerende komitee ontstaan, mag die oorblywende lede van die uitvoerende komiteelede 'n lid tot daardie komitee ko-opteer vir die oorblywende periode van die ampstermyn van die persoon wat die amp verlaat het.

7.9 Besluite van die uitvoerende komitee sal geneem word by gewone meerderheidstem.

7.10 Lede van die uitvoerende komitee is verplig om alle sake wat bespreek of ter tafel gelê word by enige vergadering van die uitvoerende komitee vertroulik te hou tensy die uitvoerende komitee anders besluit.

7.11 Die uitvoerende komiteelede sal verkies word vir 'n periode van 2 (twee) jaar met dien verstande dat een helfte van die uitvoerende komiteelede jaarliks sal uittree.

7.12 'n Uitvoerende komiteelid wat uittree is benoembaar vir herverkiesing.

8 **SUBKOMITEES**

8.3 Die uitvoerende komitee sal die mag hê om subkomitees aan te stel vir sodanige doeleindes as wat die uitvoerende komitee mag bepaal.

8.4 Elke subkomitee sal onder voorsitterskap van 'n lid van die uitvoerende komitee wees en mag bestaan uit soveel subkomiteelede as wat die uitvoerende komitee mag bepaal.

8.5 Lede van enige subkomitee moet lede wees van die Organisasie.

8.6 Die magte en pligte van 'n subkomitee sal bepaal word deur die uitvoerende komitee.

9 **MAGTE EN PLIGTE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE**

Die magte en pligte van die uitvoerende komitee sal wees om:-

9.3 in die algemeen effek en uitvoering te gee aan die oogmerke van die Organisasie en enige besluite geneem by enige algemene vergadering en om enige insidentele aangeleentheid te hanteer;

9.4 te bepaal welke sake aandag sal geniet by enige algemene vergadering;

9.5 te verseker dat finansiële state van die Organisasie voorberei word vir voorlegging aan lede by die algemene jaarvergadering;

9.6 'n onafhanklike rekeningkundige beampte aan te stel om die finansiële state van die Organisasie voor te berei;

9.7 gelde te ontvang en om bankrekeninge oop te maak by enige geregistreerde bank waar alle finansiële transaksies van die Organisasie gedoen sal word en welke transaksies gedoen sal word ooreenkomstig die besluite van die uitvoerende komitee;

9.8 fondse te belê en die bates van die Organisasie te vervreem of andersins daarmee te handel op voorwaarde egter dat die uitvoerende komitee nie die meerderheid van die Organisasie se bates mag vervreem anders as in die normale loop van sake van die Organisasie nie of anders dan ingevolge 'n likwidasie nie;

9.9 te verseker dat die fondse of bates van die Organisasie nie indirek of direk aangewend word vir enige persoon anders as in die gewone loop en uitvoering van die Organisasie se doelwitte nie;

9.10 te verseker dat substansieel geheel van die Organisasie se fondse aangewend word vir die bevordering van die doelstellings van die Organisasie en nie tot enige spesifieke voordeel aangewend van enige individuele lid of minderheidsgroep nie;

9.11 personeellede aan te stel en/of af te dank en om voorwaardes van indiensneming van personeel te bepaal;

9.12 rekeninge oop te maak en te betaal en ander verpligtinge van die Organisasie na te kom;

9.13 sodanige optrede soos deur lede of die uitvoerende komitee besluit, te neem, welke optrede mag insluit die neem van regsaksies om die Organisasie te verdedig teen enige eis teen die Organisasie ingestel

of om enige regte af te dwing wat die Organisasie of enige van sy lede mag hê;

9.14 al die nodige stappe te doen om die sake van die Organisasie uit te voer en te bevorder of om die belange van die Organisasie te bevorder en om ooreenkomste aan te gaan met verwysing na die Organisasie se doelwitte en magte;

9.15 rekord te hou van alle sake waarmee gehandel word in terme van hierdie klousule en om notules te hou van alle besluite of sake wat behoorlik voor enige vergadering geplaas word. Sodanige rekord en notules moet beskikbaar wees vir inspeksie deur enige lid wat redelike kennis gee om insae daarvan.

10 **BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID**

10.3 Geen komiteelid sal aanspreeklik wees vir enige verlies of skade gelei deur enige persoon as gevolg van 'n handeling of nalate wat gedoen is in goeie trou terwyl daardie komiteelid sy funksies vervul vir of namens die Organisasie nie.

10.4 Die Organisasie indemnifiseer enige komiteelid ten opsigte van enige verlies of skade wat voortspruit uit enige handeling of versuim van enige komiteelid wat ter goeie trou optree in die uitvoering van sy of haar werksaamhede en aktiwiteite as komiteelid.

11 **VERGADERINGS VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE**

11.3 Gewone vergaderings van die uitvoerende komitee sal plaasvind op sodanige datums en tye as wat die voorsitter mag bepaal.

11.4 Spesiale vergaderings van die uitvoerende komitee mag byeen geroep word op nie minder as 48 (agt en veertig) uur kennisgewing nie, ten einde enige dringende aangeleentheid te oorweeg op voorwaarde dat sodanige vergadering byeen geroep word deur die voorsitter of enige drie ander lede van die uitvoerende komitee.

11.5 Vergaderings van die uitvoerende komitee sal gehou word in ooreenstemming met goeie praktyk en notules van vergaderings van die uitvoerende komitee sal by 'n opvolg vergadering goedgekeur word.

11.6 Die voorsitter of in sy/haar afwesigheid, die ondervoorsitter, of in die afwesigheid van beide die voorsitter en die ondervoorsitter, 'n uitvoerende komiteelid verkies deur daardie uitvoerende komiteelede teenwoordig, sal by alle vergaderings voorsit.

11.7 Kennisgewing van vergaderings van die uitvoerende komitee sal gegee word in ooreenstemming met die wyse deur die uitvoerende komitee bepaal.

12 **DISKWALIFIKASIE, BEDANKING OF VERWYDERING UIT AMP VAN KOMITEELEDE**

12.3 Enige van die volgende persone sal gediskwalifiseer wees om as lid van enige komitee van die Organisasie te dien en sal outomaties gediskwalifiseer wees by die gebeur van enige van die volgende:-

12.3.1 'n ongerehabiliteerde insolvent;

12.3.2 'n persoon wat uit 'n vertrouensamp verwyder is as gevolg van wangedrag;

12.3.3 'n persoon wat op enige stadium skuldig bevind is (hetsy in die republiek of elders) aan diefstal, bedrog, vervalsing en uitgifte, meineed of 'n misdaad waarvan oneerlikheid 'n element is;

12.3.4 enige persoon wat gediskwalifiseer is om aangestel te word as 'n direkteur van 'n maatskappy in terme van die Maatskappyewet, 61 van 1973 (of enige wysiging daarvan);

12.3.5 'n minderjarige of persoon wat regsonbevoeg is;

12.3.6 enige persoon wat aangestel word om 'n politieke amp te beklee in enige owerheid;

12.4 'n Komiteelid en/of 'n alternatiewe komiteelid waar van toepassing, sal outomaties uit sy of haar amp verwyder wees indien:-

12.4.1 hy/sy gediskwalifiseer raak in terme van die bepalinge van klousule 13.1 hierbo;

12.4.2 hy/sy bedank;

12.4.3 hy/sy ophou om onroerende eiendom soos in hierdie Grondwet bepaal, te besit of te bewoon;

12.4.4 hy/sy versuim om drie agtereenvolgende vergaderings van die uitvoerende komitee by te woon sonder dat daar goeie redes aangevoer word vir sodanige versuim.

12.5 'n Subkomiteelid se lidmaatskap van die subkomitee sal beëindig word indien die uitvoerende komitee so besluit.

13 **ONKOSTES EN UITGAWES VAN KOMITEELEDE**

13.3 Geen komiteelid sal geregtig wees op enige vergoeding vir dienste gelewer aan die Organisasie in die uitvoering van sy of haar pligte as komiteelid nie.

13.4 Enige uitgawes redelik aangegaan deur 'n komiteelid in die uitvoering van sy/haar pligte sal terug betaalbaar wees aan so 'n komiteelid na goedkeuring deur die uitvoerende komitee daarvan, na oorweging van kwitansies voorgelê ten opsigte van die uitgawes aangegaan.

14 **VERGADERINGS VAN DIE ORGANISASIES**

14.3 'n Algemene jaarvergadering van die Organisasie sal gehou word op die eerste werksdag na 26 Desember van elke jaar om 09:00 in die Boesmansriviermond stadsaal of sodanige gepaste lokaal deur die uitvoerende komitee bepaal.

14.4 'n Spesiale algemene vergadering mag aangevra word deur nie minder nie as 15% van opbetaalde lede of deur die uitvoerende komitee. Sodanige vergadering sal gehou word op 'n tyd plek en lokaal soos bepaal deur die uitvoerende komitee onderworpe aan 14 (veertien) dae kennisgewing van sodanige vergadering.

15 **MOSIES BY ALGEMENE VERGADERINGS**

15.3 Enige voorgestelde mosie wat 'n lid vir bespreking by 'n algemene vergadering wil voorlê sal op skrif wees en gegee word aan die sekretaris/sekretaresse van die Organisasie ten minste 21 (een en twintig) dae voor die datum van die relevante vergadering.

15.4 Enige voorgestelde mosie moet onderteken wees deur twee lede as voorsteller en sekondant, onderskeidelik.

15.5 Nieteenstaande die bepalings van klousule 16.1, kan enige mosie wat deur lede by 'n algemene vergadering as dringend bestempel word ter tafel gelê word by sodanige vergadering op voorwaarde dat sodanige mosie behoorlik voorgestel en gesekondeer word.

16 **KENNISGEWINGS**

Kennisgewings van algemene vergaderings van die Organisasie sal gegee word deur publikasie op die webtuiste van die Organisasie en deur 'n e-pos aan lede te stuur en op sodanige ander manier as wat die uitvoerende komitee mag besluit.

17 **KWORUM**

'n Kworum by enige algemene vergadering sal 15% van die lede van die Organisasie of hul gevolmagtigdes wees. Indien daar nie 'n kworum teenwoordig is nie, sal die vergadering verdaag word vir 1 (een) dag na 'n plek en tyd soos deur die voorsitter van die vergadering bepaal. By die uitgestelde vergadering sal die lede teenwoordig tesame met gevolmagtigdes, 'n kworum wees.

18 **VOLMAGTIGDES**

18.3 Enige lid het die reg om 'n volmagtigde aan te stel om daardie lid te verteenwoordig by 'n algemene vergadering onderworpe daaraan dat 'n skriftelike volmag soos deur die uitvoerende komitee bepaal, voltooi word.

18.4 'n Volmag sal geldig wees by 'n uitgestelde vergadering.

18.5 'n Volmag moet ontvang word deur die sekretaris/sekretaresse nie later nie as 24 (vier en twintig) uur voor die aanvang van die vergadering waarop dit betrekking het by versuim waaraan die aanstelling van 'n volmagtigde van nul en geen waarde sal wees.

19 **PROSEDURE EN STEMMING BY ALGEMENE VERGADERINGS**

19.3 Die agenda vir enige algemene jaarvergadering sal bepaal word deur die uitvoerende komitee en sal voorsiening maak vir 'n bespreking en goedkeuring van 'n jaarverslag, finansiële state, die verkiesing van lede van die uitvoerende komitee en alle mosies behoorlik ontvang deur die sekretaris/sekretaresse.

19.4 Die agenda van enige spesiale algemene vergadering sal bepaal word deur die uitvoerende komitee en sodanige agenda sal die mosies behoorlik deur die sekretaris/sekretaresse ontvang, insluit.

19.5 Die voorsitter en in sy/haar afwesigheid, die ondervoorsitter of in die afwesigheid van beide die voorsitter en die ondervoorsitter, 'n uitvoerende komiteelid verkies deur die oorblywende uitvoerende komiteelede, sal voorsit by enige algemene vergadering.

19.6 Behalwe soos in hierdie Grondwet bepaal ten opsigte van die wysiging van die Grondwet of die ontbinding van die Organisasie sal alle besluite by enige algemene vergadering geneem word met 'n gewone meerderheidstem.

19.7 Stemmig sal plaasvind deur die opsteek van hande, tensy 'n geheime stemming aangevra word deur enige lid.

19.8 Elke lid sal geregtig wees om 1 (een) stem uit te bring.

20 **WYSIGING VAN GRONDWET**

Enige bepaling van hierdie Grondwet mag gewysig word by 'n algemene vergadering deur middel van mosie wat aangeneem word deur 'n 2/3 (twee derde) meerderheid van lede of hul gevolmagtigdes teenwoordig.

21 **ONTBINDING**

21.3 Die Organisasie mag ontbind word deur ’n geneem besluit op 'n algemene vergadering deur nie minder nie as 2/3 (twee derdes) van

die lede of hul gevolmagtigdes teenwoordig by sodanige vergadering, welke vergadering belê sal word met die uitsluitlike doel vir sodanige ontbinding.

21.4 By ontbinding of binne 6 (ses) maande na die intrekking van enige vrystelling verleen deur die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, sal die bates van die Organisasie ten gelde gemaak word vir kontant, welke bedrae ingevolge enige resolusie geneem by 'n algemene vergadering van lede van die Organisasie, na nakoming van al die verpligtinge van die Organisasie, of oor betaal word aan 'n nie-winsgewende organisasie met soortgelyke oogmerke as die Organisasie of in terme van Regulasie 2(b)(x) van Regulasie R1236 gedateer 21 November 2008 of enige wysiging daarvan.